**Vereenvaoudig jou leefstyl in 12 stappe – deur Wilco Naumann**



Dit sal jou geweldig baie baat om jou lewenstandaard te vereenvoudig. Die vraag is dus, hoe doen ek dit? In hierdie afdeling deel ek twaalf praktiese toepassings om jou leefstyl te vereenvoudig. Meer geld alleen is nie genoeg nie; onthou die grondbeginsels.

- **Leer om nee te sê**. Jim Rohn, 'n Amerikaanse entrepreneur, skrywer en motiveringspreker, het dit soos volg gestel: "Don't let your mouth overload your back." Soms kry ons monde ons in die moeilikheid. Dit gaan jou baie geld spaar en jou help om sonder skuld te lewe indien jy "nee" begin sê vir aankope, uitverkopings, vakansies en mense. Jy kan nie op dieselfde trant voortgaan en verwag dat die resultaat skielik anders gaan wees nie.
- **Staak kredietaankope.** Hou eenvoudig op geld leen. Dit maak nie saak wat opduik nie, jy moet ophou leen. In stap vyf gaan ek jou vertel hoe om 'n noodfonds op die been te kry ten einde al die klein aankope uit te skakel. Dit is van kardinale belang om nie meer op rekening te koop nie – slegs kontant. Wees versigtig vir skuld, want dit is talle se ondergang. As jy nie kontant vir iets kan betaal nie, moet dit nie koop nie. Sny kredietkaarte op. Moet ook nie jou huislening misbruik nie. Daar is mense wat dit gedoen het en alles verloor het. Die ekwiteitskapitaal is nie daar om jou blink idees en/of luukshede te finansier nie. Wees wys en betaal af aan jou huislening, en staak kredietaankope.
- **Pas selfbeheersing toe,** tesame met dissipline. Aankope en besteding moet beheer word. Dit is moontlik, want God het ons 'n gees van selfbeheersing gegee. Die Griekse filosoof Aristoteles het geskryf: "Ek ag een wat sy eie begeertes oorwin, dapperder as een wat sy vyande oorwin, want die moeilikste oorwinning is oor jouself." Soms is die grootste struikelblok die persoon in die spieël, en die grootste hindernis sy ingesteldheid. Neem die houding in van Og Mandino, skrywer van die boek *The Greatest Salesman in the World*: "Never will I overindulge the request of my flesh, rather I will cherish my body with cleanliness and moderation. Never will I allow my mind to be attracted to evil and despair, rather I will uplift it with the knowledge and wisdom of the ages. Never will I allow my soul to become complacent and satisfied, rather I will feed it with meditation and prayer. Never will I allow my heart to become small and bitter, rather I will share it and it will grow and warm the earth."
- **Bestee altyd minder as wat jy verdien.** Moet ook nie koop wat jy nié nodig het nie. Dit klink logies en eenvoudig, maar die oorgrote meerderheid van die samelewing doen dit. Dus, prioritiseer jou aankope. Leef eenvoudig en goedkoop. Spandeer jou geld op 'n wyse wat die Here behaag. Hou in gedagte dat hoe meer jy koop, hoe meer besittings het jy om na om te sien. Te veel besittings kan jou tyd en aandag in beslag neem wat eintlik vir jou verhouding met die Here bestem is. Streef daarna om rustig te lewe. Moet ook nie verkwis nie. In Lukas 16 lees ons hoe Jesus aan sy dissipels die verhaal vertel van die bestuurder wat sy amp verloor het omdat hy sy werkgewer se besittings vermors het. Daar was 'n tyd in my lewe toe ek elke maand al my inkomste – plus nog 'n bietjie meer – spandeer het. Toe ek later die raad begin volg wat ek nou in hierdie boek met jou deel, het my situasie

aansienlik verander. Ek was toe weer in 'n posisie waar ek nie alles nodig gehad het wat ingekom het nie. Dit het vrede en vreugde verskaf om 'n gedeelte weg te gee en 'n gedeelte te spaar vir latere gebruik. Ek het meer in beheer van my omstandighede gevoel, en dit alles omdat ek met minder oor die weg gekom het as wat my inkomste was. Soms leef ons bo ons vermoëns. Leer dus om oor die weg te kom met minder; leer om vrede te vind in eenvoud. Dit sal nie net jou vrede verhoog nie, maar jou ook help om klaar te speel met skuld.

- **Wees geduldig**. Pas geduld toe indien jy nie nou iets anders of nuwer of beters kan kry of bekostig nie. Onthou, jou bates moet die luukshede in jou lewe koop. Eens op 'n tyd wou ek 'n mooi voertuig gehad het. My eerste opsie was om bank toe te gaan, die geld te leen en dan dieselfde week nog met hom rond te ry. My tweede opsie was om my swaar verdiende geld te spaar totdat ek genoeg gehad het om die voertuig kontant te kan koop. My derde opsie was om die bietjie deposito wat ek reeds gehad het, om te skakel in 'n bate wat geld vir my begin verdien en daardeur die voertuig te koop, sonder om 'n banklening of my eie geld te gebruik. Dit is toe wat ek gedoen het. Natuurlik het dit langer gevat as wat dit sou as ek doodeenvoudig die geld gaan leen het, maar ek het 'n paar maande later die voertuig gekoop met geld wat my bate vir my ingebring het. Jare nadat die voertuig verkoop is (sodra daar 'n nuwer model uitkom, wil jy mos opgradeer), het die bate steeds vir my 'n konstante maandelikse inkomste verskaf. Wees geduldig. As jy iets "moet" hê, koop dit deur jou bates. Besef dit gaan nie maklik wees of oornag gebeur nie, maar as jy volhard sal jy hieruit kan kom en vry wees.
- **Wees tevrede met wat jy het**. As jy nie tevrede is met wat jy het nie, gaan jy sukkel om uit skuld uit te kom. Baie van wat ons koop, het ons nie nodig nie. Om tevrede te wees met wat jy het, is vergenoegdheid. "Maar die godsaligheid wat saam met vergenoegdheid kom, is 'n groot wins." Dit is 'n leuen wat jou laat dink meer besittings gaan meer sekuriteit verskaf. Thomas à Kempis, 'n Duits-Nederlandse Christen-teoloog wat in die laat Middeleeue geleef het, het geskryf: "Laat tydelike dinge gebruik word wanneer jy nut daarvoor het, maar laat die ewige dit wees wat jy begeer." Jou diepste behoeftes, ware geluk en volkome tevredenheid word nie uit dinge verkry nie, maar slegs uit 'n verhouding met God en deur 'n gesonde en gelukkige verhoudingslewe – met jouself en met ander mense. Hoe gesonder jou innerlike is, hoe minder sal jou begeertes en behoeftes vir aankope wees. 'n Rektor van UP het gesê: "Party mense het 'n motor nodig om iets te wees. Ander is iets, selfs al het hulle nie 'n motor nie!" 'n Mens wat tevrede is, hoef nie skuld aan te gaan nie. Wees tevrede met wat jy het en oorkom materialisme. Paulus skryf verder: "... ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is". Onthou dat tevredenheid of vergenoegdheid teen die vleeslike natuur is, dus moet dit aangeleer word – dit gaan nie natuurlik kom nie. Die vlees soek die sigbare en tydelike. Moenie die tydelike verruil vir die beter, onsigbare ewige nie.
- **Wees realisties**. Jou inkomste alleen gaan jou nie uit skuld uit kry nie. Jou ingesteldheid, houding en geduldvlakke teenoor jou besittings, leefstylkeuses, besteding, spaar, filosofie, denke, behoeftes en begeertes is wat jou uit skuld uit gaan kry. Ontwikkel die regte verhouding met geld en besittings. Ek stem saam met Dave Ramsey wanneer hy sê jy sal gemaklik moet raak met die volgende woorde, want dit is jou sleutel tot sukses: harde werk, ywer, dissipline, volgehoue werk en moeite.

- **Waak teen reklame**. Ontevredenheid word ook geskep. Die media skep behoeftes wat geen geld kan bevredig nie. Pasop vir advertensies, dit skep 'n subtiele begeerte na onnodige besittings en 'n vae ontevredenheid in jou onderbewussyn met wat jy tans het. Daar is mense wat jare lank aan universiteite studeer om die kuns aan te leer om ons ontevrede te maak met wat ons het en met wie ons is. Deur middel van reklame skep hulle begeertes na dinge wat ons nie werklik nodig het nie. "Die advertensiewese het kragtige, gesofistikeerde metodes ontwerp om verbruikers te oortuig dat hulle dinge nodig het," skryf prof. Nel. Verder sê hy: "Die boodskap wat hulle oordra, is dikwels bedoel om jou ontevrede te maak met wat jy het en is. Onthou, hoe meer televisie jy kyk, hoe meer gaan jy spandeer. En hoe meer jy deur katalogusse en tydskrifte blaai, hoe meer gaan jy koop. En hoe meer tyd jy in winkels spandeer, hoe meer gaan jy koop. Beperk doelbewus wat jy graag wil hê deur bedag te word op die verskil tussen wat 'n mens nodig het en wat jy wil hê ('needs and wants') asook om bedag te wees op die invloed van advertensies op jou koopgedrag." Volgens George Samuel Clason, 'n eertydse Amerikaanse skrywer en sakeman, is die mens belas met meer begeertes as wat hy kan bevredig. Jy sal dus moet aanleer om die manipulering van advertensies te weerstaan. Weereens is dit belangrik om tevrede te wees met wat jy het, want vergenoegdheid beskerm jou teen reklame. Dit is baie belangrik om te onthou dat om meer te wil hê, gierigheid is, en gierigheid is afgodery, en geeneen wat hieraan skuldig is, sal die koninkryk van God beërwe nie. Randy Alcorn, die Amerikaanse stigter en direkteur van Eternal Prospective Ministeries, stel dit soos volg: "Die begeerte na meer is die grootste vyand van voorspoed." Ons het reeds gesien daar is 'n verskil tussen behoeftes en begeertes ("needs and wants"), maar daar is ook 'n verskil tussen jou werklike behoeftes en mensgemaakte behoeftes. Soms gaan jou inkomste nie alles kan dek nie. Clason stel dit so: "Greatly do I desire riches. Yet there are many uses to which my earnings are called." Leer dus om te onderskei.
- **Maak 'n radikale verandering in jou lewenstyl:** Dit is in ons aard om dinge te wil hê, en hoe gouer hoe beter, maar jy sal moet leer om daarteen te veg ten einde uit jou skuld te kom. Die geveg teen die menslike natuur gaan jou uit slawerny bevry. Die swem téén die stroom gaan jou bevry. "Jy kan so veel as wat jy wil God se plan vir jou finansiële lewe soek, maar as jy nie jou skuldpatroon gaan verbreek nie, is jou hoop tevergeefs," verduidelik Alcorn. Om uit skuld te kom, moet jy jou leefstyl aanpas. Baie kan dit nie doen nie en bly dus vir die res van hul lewe in ballingskap. Hulle kies eerder om hul gewete aan te pas as hul leefstyl. Maak jouself vry van die slawerny van skuld. Eerder 'n arm maar vry man as 'n ryk slaaf. Oorweeg dit dus om radikale veranderinge te maak. Verkoop jou voertuig wat op skuld gekoop is en koop 'n goedkoop tweedehandse motor waarop jy geen skuld het nie. Verkoop jou huis en trek na 'n kleiner plekkie, of/en na 'n goedkoper woonbuurt. Dit gaan baie moeilik wees om uit skuld te kom sonder om tot drastiese stappe oor te gaan. Volgens Ramsey benodig jy ook "radikale verandering" in jou begeerte na die goedkeuring van ander ten einde 'n finansiële deurbraak te beleef.
- **Hou op om jouself met ander te vergelyk:** Die begeerte om "by te bly" deur middel van luukshede gaan jou skuld en uitgawes hoog hou en jou forseer om in die ritme te bly waarin jy tans is – om daardie lewenstyl van valse sukses te handhaaf. As jy jouself met iemand wil vergelyk, vergelyk jouself

met mense wat minder het as jy. Dit sal jou 'n dankbare en tevrede mens maak. Al vergelyking wat jy moet tref, is jou waardestelsel teenoor God se Woord. Wees dankbaar vir al die seëninge wat jy reeds het en fokus eerder daarop. Om Christus te dien het niks te doen met hoe hoog jy jou inkomste kan kry nie, maar alles met getrouheid en gehoorsaamheid. "Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei tussen wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is." Bly weg van "as ek net meer gehad het" en "ek sou kon doen met 'n miljoen". God is jou stabiliteit. Jou waarde is in Christus. Jou karakter is meer werd as jou netto waarde. Moenie jou waarde koppel aan dit wat jy kan bekostig nie. Die oppervlakkige mens doen dit. Wat jy kan bekostig, het niks met jou waarde te doen nie. Bekommer jou ook nie oor wat ander van jou dink as jy jou leefstyl vereenvoudig nie. Die meeste van hulle verstaan in elk geval nie waarheen jy op pad is nie. Die 17de eeuse prediker Thomas Fuller het gesê: "A wise man may look ridiculous in the company of fools." Neem die houding in van Andrew Carnegie, 'n Skots-Amerikaanse nyweraar en filantroop: "Soos ek ouer word, steur ek my al minder aan wat mense sê; ek kyk net wat hulle doen." Steur jou nie aan wat ander sê nie; fokus op jou doelwit en los die ander stilletjies agter. Wil jy inpas by die res van die slawe, of wil jy vry wees?

- **Leef vanuit 'n ewigheidsperspektief:** Ons is slegs tydelike bewoners, "vreemdelinge en bywoners op aarde". Ons lewe op aarde is nie ons ewige woning nie; dit is slegs ons pelgrimstog, "want ons burgerskap is in die hemele". Tree dus op as ambassadeurs of "gesante om Christus wil", en "wandel dan in vrees gedurende die tyd van julle vreemdelingskap". Jesus het vir ons gesê om hemelse skatte bymekaar te maak, "waar geen mot of roes verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie". Behou – en bekom – slegs dié besittings wat jou in staat sal stel om God se doel vir jou lewe te verwesenlik. Gebruik ook die lewe van Moses as voorbeeld om ewigheidsperspektief te behou: Omdat Moses geglo het, het hy toe hy grootgeword het, geweier om die seun genoem te word van die farao se dogter. Hy het verkies om liewer sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê. Die smaad ter wille ter wille van God het hy 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte, omdat hy na die beloning uitgesien het. Dit is asof daar twee wolwe binne 'n mens is - die een sleg en die ander goed. Dié een wat jy gaan voer is die een wat gaan wen. Dieselfde geld vir jou vlees en gees; as jy jou vlees meer voed as jou gees, is jou vlees in beheer, en as jou vlees in beheer is, gaan jy sukkel om uit skuld te kom, want die vlees hou van aansien, blink goed en lekker speserye. Bewaar jou hart meer as enige iets wat jy moet bewaak.
- **Herken die vyand vir wie en wat hy is:** "Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind." Die satan is daarop uit om jou te vernietig. As baie jou vernietig, gaan hy sy bes doen om baie geld by jou uit te kry. As slawerny in skuld – wat jou weerhou van God se spesifieke en unieke plan vir jou lewe – jou gaan vernietig, dan sal die vyand alles in sy mag probeer om jou in slawerny te hou. Hy gebruik ook vrees om jou in slawerny te hou. Jy is bang, benoud en bekommerd dat jy geld gaan verloor, of jy vrees dat jy nie al jou verpligtinge kan nakom nie. Hierdie vrees weerhou jou daarvan om uit te breek en "anders" te werk met jou geld. Dit weerhou jou daarvan om jou tiende te betaal, om te belê en om skuld te delg. Erken dat vrees nie van God af is nie – Hy het ons nie 'n gees van vrees gegee nie, maar van krag.

Moet ook nooit vergeet dat ons in 'n oorlogsituasie (geveg) is nie. "Dra jou deel van die ontberings soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus. 'n Soldaat in aktiewe diens wat sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie." "Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug." Waak daarteen dat besittings jou nie van die pad van die lewe af hou nie. Onthou dat niemand twee here kan dien nie. Jou toekomstige self sal jou bedank indien jy nou die drastiese stappe doen om jou leefstyl te vereenvoudig ten einde klaar te maak met skuld.

*Die inligting vervat in hierdie dokument behoort aan Wilco Naumann en is 'n uittreksel uit sy boek **God en Geld**. Wilco Naumann het aan Solidariteit toestemming verleen om hierdie inligting te deel, maar dit bly steeds sy intellektuele eiendom. Geen gedeelte van hierdie dokument mag sonder skriftelike toestemming van Wilco Naumann gereproduseer word nie, buiten vir die toegelate doeleindes waarvoor dit gedeel is.*